

**14 APRIL**

**SKRIFGEDEELTE: EFESIËRS 6:10-20**  
**FOKUSGEDEELTE: EFESIËRS 6:18-20**

**Gebed is deel van ons wapenrusting**

Wanneer 'n openingskolwer aan die begin van 'n wedstryd op die veld stap, moet hy ten volle voorbereid wees. Nie net moet hy al die toerusting aanhê wat nodig is om hom teen die aanvalle van die snelbouler te beskerm nie, en daarby nog sy kolf om die balle mee aan te val nie, maar hy moet ook geestelik gereed wees. Hy moet glo dat die teenstanders nie daarin sal slaag om hom uit te haal op enige van die baie maniere wat hulle probeer nie. Hy moet ook so kolf dat die stertkantkolwers beskerm kan word.

Net so is dit met die gelowige in sy stryd teen die duiwel en sy magte. Satan val ons op duisende maniere aan om ons tot 'n val te bring. Om suksesvol weerstand te kan bied, moet ons ten volle voorbereid wees. Om ons te beskerm, gee God aan ons die wapenrusting van die geloof. Om die Bose magte af te weer, gee Hy aan ons die swaard van die Gees, naamlik die Woord. Maar dit alleen is nie genoeg nie. Ons moet ook geestelik voorbereid wees. Daarom is die gebed 'n onmisbare deel van ons daaglikse voorbereiding om te kan oorwin. Ons moet bid dat God deur sy Gees ons krag gee vir die stryd, dat hy ook ons medegelowiges in hulle stryd sal bystaan en ons leraars die wysheid sal gee om ons toe te rus om altyd paraat te wees.

*Sing: Psalm 119:53*

*Ds Jan du Preez (Empangeni)*